
# 485 Vroeg in die môrestond




As slaap my oog ontvlug,
dan rys my stille sug:
“Gee Jesus Christus eer!”
Die nag word my tot dag,
as ek maar jubel mag:
“Gee Jesus Christus eer!”

Is ek bedroef van hart,
Hy is my troos in smart:
“Gee Jesus Christus eer!”
Verdwyn my aardsgenot,
Hy bly my Heer en God:
“Gee Jesus Christus eer!”

In hemelslied so skoon,
is dit die soetste toon:
“Gee Jesus Christus eer!”
Hemele, aarde, see,
sing nou die lofsang mee:
“Gee Jesus Christus eer!”

Onbekend — J. Barnby (1838-96)